

4 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 13:11-14:5  
Fokusgedeelte: NGB, Art 34

### Die doop – opname in God se kerk

In ons Skrifgedeelte staan die merk van die dier en die merk van die Lam teenoor mekaar. Die eerste merk is 'n namaaksel van die tweede. Die duiwel is immers 'n nabootser van God! Selfs in voorkoms lyk die dier uit die aarde soos 'n lam, maar hy is nie die ware Lam, die Seun van God nie. As hy praat, praat hy soos 'n draak (Open 13:11).

Satan se nabootsery vind ook op ander terreine plaas. Omdat God sy uitverkorenes op die voorkop as sy eiendom (kerk) merk (Open 7:1-8), doen Satan dit ook met sý navolgers (Open 13:16). Net soos die doop is die duiwel se merk nie net 'n uiterlike teken (kodesrepe, mikroskopiese of tatoeëermerke) nie; ten diepste gaan dit om persoonlike toewyding en aanbidding (Open 19:20).

Let egter ook op die groot verskil tussen hierdie twee merke:

Die merk van die dier word as verpligting AFGEDWING (Open 13:16). God se merk is 'n GAWE uit genade. Dié wat dit ontvang, sing (Open 14:3)!

Mense met die merk van die dier word MISLEI (Open 13:14). Daarteenoor word mense met die merk van God GELEI: "Hulle volg die Lam waar Hy ook gaan" (Open 14:4).

Vir mense met die merk van die dier gaan alles oor KOOP en VERKOOP (Open 13:17). Vir mense met God se merk gaan alles oor die vreugde van LOSGEKOOP te wees (Open 14:3, 4).

Mense met die merk van die dier gaan vir ewig VERLORE (Open 19:20-21).

Mense met God se merk LEWE vir ewig (Open 7).

Leef ook vandag weer soos iemand met God se merk. God het jou as sy kerk afgesonder. Gaan as losgekoopte al singende op die spore van die Lam wat jou lei. Jy is immers gedoop!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*